

CREDO FOR THE THIRD MILLENIUM CHURCH

Nota:

- 'n Afrikaanse vertaling volg na die oorspronklike Engelse teks
- Liturgiese voorstelle vir gebruik van die credo volg daarna

Leonard Sweet

The Third Millennium Church will not be defined by what buildings we occupy, but by what bridges we build. Not by the programs we run, but by the presence we bring. Not by the content we create, but by the Christ we incarnate.

We are called to be translators—not just of ancient texts, but of eternal truths. To speak the gospel in languages both human and digital. To build communities both physical and virtual. To love neighbors both near and networked.

A Third Millennium Creed for the Church:

Let us conclude by covenant—a creed not just to recite, but to live. A confession not just of what we believe, but of who we are becoming.

We believe in one God—

Creator of atoms and algorithms,
 Father of flesh and fiber optics,
 the Alpha and Omega of all intelligence, artificial and authentic.

We believe in Jesus Christ—

the Word made flesh, not code,
 the Image of the invisible God, not avatar,
 the Truth that no algorithm can compute,
 the Life that no program can replicate,
 the Way that every pathway must ultimately follow.

We believe in the Holy Spirit—

the divine fire that no artificial flame can match,
 the Counselor who speaks all languages, ancient and digital,
 the Presence that fills every space, physical and virtual,
 the Power that connects all hearts across every network.

We believe in the Church—

not as institution but as incarnation,
 not as organization but as organism,
 not as system but as body,
 scattered across continents and concentrated in community,
 gathered in sanctuaries and dispersed through screens,
 one church in many locations, many expressions of one Lord.

We believe in sacred imagination— the God-breathed creativity that sees possibility in every pixel, hope in every hyperlink,
and Christ in every connection.

We believe our calling is to embody the gospel—
in every age and on every stage,
with every tool and through every technology,
loving God with heart, soul, mind, and bandwidth,
and loving our neighbors as ourselves, whether next door or networked globally.

We believe in the resurrection of the body—
that matter matters to God,
that flesh is sacred,
that physical presence is irreplaceable,
and that digital connection serves but never substitutes for incarnational community.

We believe in life everlasting—
a future where every tear is wiped away,
every algorithm serves love,
every network connects to the divine,
and every heart beats in rhythm with the heart of God.
Therefore, we covenant to create with care,
to innovate with integrity,
to connect with compassion,
and to burn with the fire of divine love
in the Third Millennium and beyond.

In the name of the Father who imagined us,
the Son who redeemed us,
and the Holy Spirit who empowers us,
we say: Amen.

May the God of all imagination set our hearts ablaze with love, our minds afire with wisdom,
and our spirits burning bright with hope. May we be the church the world needs—ancient in
faith, contemporary in expression, and eternal in purpose.

Come, Holy Spirit. Kindle us anew.

Amen.

'N DERDE-MILLENNIUM-GELOOFSBELYDENIS VIR DIE KERK

Laat ons afsluit met 'n verbond—'n credo nie net om op te sê nie, maar om te leef.
'n Belydenis, nie net van wat ons glo nie, maar van wie ons besig is om te word.

Ons glo in een God —

Skepper van atome en algoritmes,
Vader van vlees en veseloptyka,
die Alfa en Omega van alle intelligensie, kunsmatig én eg.

Ons glo in Jesus Christus —

die Woord wat vlees geword het, nie kode nie,
die Beeld van die onsigbare God, nie 'n avatar nie,
die Waarheid wat geen algoritme kan bereken nie,
die Lewe wat geen program kan naboots nie,
die Weg wat elke pad uiteindelik moet volg.

Ons glo in die Heilige Gees —

die Goddelike vuur wat geen kunsmatige vlam kan ewenaar nie,
die Trooster wat alle tale praat, oud en digitaal,
die Teenwoordigheid wat elke ruimte vul, fisies en virtueel,
die Krag wat alle harte verbind oor elke netwerk heen.

Ons glo in die Kerk —

nie as instelling nie maar as vleeswording,
nie as organisasie nie maar as organisme,
nie as stelsel nie maar as liggaam,
versprei oor vastelande en saamgetrek in gemeenskap,
byeen in heiligdomme en uitgestuur deur skerms,
een kerk in vele plekke, vele uitdrukkings van een Here.

Ons glo in heilige verbeelding —

die God-geïnspireerde kreatiwiteit wat moontlikheid sien in elke pixel,
hoop in elke hiperskakel,
en Christus in elke verbinding.

Ons glo ons roeping is om die evangelie te beliggaam —

in elke eeu en op elke verhoog,
met elke hulpmiddel en deur elke tegnologie,
God lief te hê met hart, siel, verstand en bandwydte,
en ons naaste soos onself, hetsy langsaan of wêreldwyd aanlyn.

Ons glo in die opstanding van die liggaam —

dat materie vir God saak maak,
dat vlees heilig is,
dat fisiese teenwoordigheid onvervangbaar is,
en dat digitale verbinding dien, maar nooit die vleesgeworde gemeenskap kan vervang nie.

Ons glo in die ewige lewe —
'n toekoms waar elke traan afgedroog word,
elke algoritme liefde dien,
elke netwerk met die Goddelike verbind,
en elke hart in ritme klop met die hart van God.

Daarom verbind ons ons om met sorg te skep,
met integriteit te innoveer,
met deernis te verbind,
en te brand met die vuur van God se liefde
in die Derde Millennium en verder.

In die Naam van die Vader wat ons bedink het,
die Seun wat ons verlos het,
en die Heilige Gees wat ons bemagtig,
sê ons: Amen.

Mag die God van alle verbeelding ons harte aan die brand steek met liefde,
ons verstand laat vlam met wysheid,
en ons gees helder laat brand met hoop.
Mag ons die kerk wees wat die wêreld nodig het —
oud in geloof, eietyds in uitdrukking,
en ewig in doel.

Kom, Heilige Gees. Vervul ons opnuut.
Amen.

DERDE-MILLENNIUM-GELOOFSBELYDENIS *(Voorlesing vir liturgiese gebruik)**(Voorganger en gemeente kan afwisselend lees — of almal saam.)***VOORGANGER:**

Laat ons afsluit met 'n verbond —

'n credo nie net om op te sê nie, maar om te leef.

'n Belydenis, nie net van wat ons glo nie, maar van wie ons besig is om te word.

GEMEENTE:

Ons glo in een God —

Skepper van atome en algoritmes,

Vader van vlees en veseloptyka,

die Alfa en Omega van alle intelligensie, kunsmatig én eg.

VOORGANGER:

Ons glo in Jesus Christus —

die Woord wat vlees geword het, nie kode nie,

die Beeld van die onsigbare God, nie 'n avatar nie,

die Waarheid wat geen algoritme kan bereken nie,

die Lewe wat geen program kan naboots nie,

die Weg wat elke pad uiteindelik moet volg.

GEMEENTE:

Ons glo in die Heilige Gees—

die goddelike vuur wat geen kunsmatige vlam kan ewenaar nie,

die Trooster wat alle tale praat, oud en digitaal,

die Teenwoordigheid wat elke ruimte vul, fisies en virtueel,

die Krag wat alle harte verbind oor elke netwerk heen.

VOORGANGER:

Ons glo in die Kerk —

nie as instelling nie maar as vleesgeworde liggaam,

nie as organisasie nie maar as organisme,

nie as stelsel nie maar as liggaam,

versprei oor vastelande en saamgetrek in gemeenskap,

byeen in heiligdomme en uitgestuur deur skerms,

een kerk in vele plekke, vele uitdrukkings van een Here.

GEMEENTE:

Ons glo in heilige verbeelding —

die God-geïnspireerde kreatiwiteit wat moontlikheid sien in elke pixel,

hoop in elke hiperskakel,

en Christus in elke verbinding.

VOORGANGER:

Ons glo ons roeping is om die evangelie te beliggaam —

in elke eeu en op elke verhoog,
 met elke hulpmiddel en deur elke tegnologie,
 God lief te hê met hart, siel, verstand en bandwydte,
 en ons naaste soos onself, hetsy langsaan of wêreldwyd aanlyn.

GEMEENTE:

Ons glo in die opstanding van die liggaam —
 dat materie vir God saak maak,
 dat vlees heilig is,
 dat fisiese teenwoordigheid onvervangbaar is,
 en dat digitale verbinding dien, maar nooit die vleesgeworde gemeenskap kan vervang nie.

VOORGANGER:

Ons glo in die ewige lewe —
 'n toekoms waar elke traan afgedroog word,
 elke algoritme liefde dien,
 elke netwerk met die Goddelike verbind,
 en elke hart in ritme klop met die hart van God.

GEMEENTE:

Daarom verbind ons ons om met sorg te skeep,
 met integriteit te innoveer,
 met deernis te verbind,
 en te brand met die vuur van God se liefde
 in die Derde Millennium en verder.

ALMAL:

In die Naam van die Vader wat ons bedink het,
 die Seun wat ons verlos het,
 en die Heilige Gees wat ons bemagtig,
 sê ons: Amen.

Mag die God van alle verbeelding ons harte aan die brand steek met liefde,
 ons verstand laat vlam met wysheid,
 en ons gees helder laat brand met hoop.
 Mag ons die kerk wees wat die wêreld nodig het —
 oud in geloof, eietyds in uitdrukking,
 en ewig in doel.

**Kom, Heilige Gees. Vervul ons opnuut.
 Amen.**

DERDE-MILLENNIUM-GELOOFSBELYDENIS

(Verkorte weergawe)

(Voorganger en gemeente – met 'n refrein wat telkens herhaal word.)

REFREIN (GEMEENTE):

Ons glo in God, ons volg Christus, ons leef deur die Gees.

VOORGANGER:

Ons glo in een God—
Skepper van atome en algoritmes,
Vader van vlees en veseloptika,
die Alfa en Omega van alle intelligensie, kunsmatig én eg.

GEMEENTE:

Ons glo in God, ons volg Christus, ons leef deur die Gees.

VOORGANGER:

Ons glo in Jesus Christus—
die Woord wat vlees geword het, nie kode nie,
die Beeld van die onsigbare God, nie 'n avatar nie,
die Waarheid wat geen algoritme kan bereken nie,
die Lewe wat geen program kan naboots nie.

GEMEENTE:

Ons glo in God, ons volg Christus, ons leef deur die Gees.

VOORGANGER:

Ons glo in die Heilige Gees—
die Goddelike vuur wat geen kunsmatige vlam kan ewenaar nie,
die Teenwoordigheid wat elke ruimte vul, fisies en virtueel,
die Krag wat alle harte verbind oor elke netwerk heen.

GEMEENTE:

Ons glo in God, ons volg Christus, ons leef deur die Gees.

VOORGANGER:

Ons glo in die Kerk—
nie as instelling nie maar as liggaam,
byeen in heiligdomme en uitgestuur deur skermes,
een kerk in vele plekke,
vele uitdrukkings van een Here.

GEMEENTE:

Ons glo in God, ons volg Christus, ons leef deur die Gees.

VOORGANGER:

Ons glo in heilige verbeelding—
om hoop te sien in elke hiperskakel,
en Christus in elke verbinding.

GEMEENTE:

Ons glo in God, ons volg Christus, ons leef deur die Gees.

VOORGANGER:

Ons glo in die opstanding van die liggaam—
dat vlees heilig is,
en dat digitale verbinding dien,
maar nooit die vleesgeworde gemeenskap kan vervang nie.

GEMEENTE:

Ons glo in God, ons volg Christus, ons leef deur die Gees.

VOORGANGER:

Ons glo in die ewige lewe—
waar elke traan afgedroog word,
elke netwerk met God verbind,
en elke hart in ritme klop met die hart van God.

GEMEENTE:

Ons glo in God, ons volg Christus, ons leef deur die Gees.

ALMAL:

Daarom skep ons met sorg,
innoveer ons met integriteit,
en verbind ons met deernis,
in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
Amen.